# 15 Maart 2026
# Saam bring ons Christus aan almal

STRAND-NOORD
NG GEMEENTE

## Ontmoet

**Erediens & Aanlynboodskap 09:30**
**Vierde Lydensondag**
**Tema: Alleen**
**Teks: Matteus 26:36-46**
**Deuroffer: ACVV**

Deuroffer inligting - https://kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/



09:30 - Kinderkerk
18:00 - Aandkerk
Donderdag 17:00 - Maats-In-Aksie




**Sondag 22 Maart 2026 -** Erediens & Aanlynboodskap 09:30, Kinderkerk & Aandkerk

## Ontwikkel

**Leesrooster:**

15 Maart: 1 Samuel 16:1-13; Psalm 23; Efesiërs 5:8-14; Johannes 9:1-41
22 Maart: Esegiël 37:1-14; Psalm 130; Romeine 8:6-11; Johannes 11:1-45

## Ontferm

**"Ons bid saam vir..."**



- Thys Taljaard van Herschellstraat.
- Die Hopley-gesin van Du Buissonstraat.
- Marinda Bishop van Wilberforcestraat.
- Die Walters gesin van Die Melkbaai.
- Die Du Toit gesin van De Beersweg.
- Elsabe Payne van Joubertstraat is oorlede.
- Die oorlog in die Midde-Ooste.

# Ontdek

**Winter Superhelde**




Voor ons ons oë uitvee is die koue winter hier. Hierdie jaar wil ons graag vir diegene wat dit nie kan bekostig nie snoesige, warm klere bymekaarmaak en uitdeel voordat die koue toeslaan. Ons samel gebriede, gehekelde of gekoopte klere in, veral vir kinders.
Items kan deurlopend by die kerkkantoor afgegee word.

**Paaseiers!**



Waarom soek ons paaseiers? Want dit help ons onthou dat Jesus òns kom soek het sodat ons 'n nuwe lewe kan kry. Ons gaan weer 30 Maart-2 April paaseiers om die kerk wegsteek. As enige iemand paaseiers kan skenk, gee dit asseblief by die kerkkantoor af. Ons wil ook gesinne nooi om self te kom wegsteek sodat ander in ons gemeenskap kan soek.




**Basaar 2026 - 30 Mei**

Met die lewe wat soms so gejaag & op die nippertjie voel, wil die Basaar span meer as betyds vra:

- Wit Olifante en boeke.
- "Voorheen geliefde" klere, krale, handsakke en meer.
- Leë roomysbakke (2 en 5 liter)
- Steggies.
- Lekkergoed

## Druiwe verkope



Die Ruimte Sentrum in Millsstraat 96 verkoop Donderdae heerlike druiwe, vars afgelewer vanaf De Doorns, vanaf 19 Maart.
Koste: R120 vir 3.5kg.
Plaas asseblief u bestelling teen Dinsdae 17:00 vir afhaal op Donderdae vanaf 08:30. Skakel Marinda / Gerda by 021 854 8234

## Finansiele jaar 2026 terugvoer.



Mede Strand-Noorders


Ons sluit die jaar af met 'n surplus van R391 000, waarvoor ons ons Hemelse Vader baie dankbaar is.
Die inkomste-tekort teenoor die begroting is die gevolg van laer Dankoffers en Kollekte, terwyl 'n beter opbrengs op beleggings die tekort verminder het.
Die uitgawe-surplus is die gevolg van:

- besparings op salarisse (tydsberekening en die salarisskaal van die tweede predikant), en
- besparings op eiendoms- en aksiespan-uitgawes, deels in reaksie op die laer Dankoffers en Kollekte.

| R'000 | Begroting FJ2026 | Werklik FJ2026 | Verskil |
|---|---|---|---|
| Inkomste | R4,834 | R4,627 | -R206 |
| Uitgawes | -R5,006 | -R4,237 | R770 |
| **Netto Inkomste** | **-R173** | **R391** | **R563** |

## Dankoffers en Kollekte

*Wat is 'n dankoffer?* 'n Maandelikse bydrae wat lidmate maak deur aftrekorders, elektronies oorbetalings of dankoffer koeverte. Dankoffers verteenwoordig 80% van inkomste.
*Wat is 'n kollekte?* Tydens die erediens word kollekte gegee deur kontant of snapscan.
Beide Dankoffers en Kollekte word aangewend om die gemeente se bedrywighede te befonds.




Dankoffers en Kollekte het in die afgelope finansiële jaar *met 9.7% afgeneem.* Indien daar oor die afgelope *8 jaar 'n gemiddelde groei van 5% per jaar* in Dankoffers en Kollekte was, sou hierdie inkomste nou ongeveer *R5 miljoen* gewees het. Vir die afgelope jaar was dit egter slegs *R3.4 miljoen*. Dit beteken bydraes het nie in lyn met die inflasiekoers gestyg nie.

*30% van Strand-Noord gesinne maak gereelde maandelikse Dankoffer bydraes* (220 gesinne gee maandelikse Dankoffers, van 720 gesinne).
Die afgelope jaar se laer Dankoffers en Kollekte maak dit *baie moeilik om die begroting vir die Finansiële Jaar 2027 te laat klop.*

## Begroting 2027

| R'000 | Werklik FJ2026 | Begroting FJ2027 Weergawe 1 | Begroting FJ2027 Weergawe 2 | Verskil |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | R4,627 | R4,407 | R4,773 | R366 |
| Uitgawes | -R4,237 | -R4,868 | -R4,868 | R0 |
| **Netto Inkomste** | **R391** | **-R461** | **-R95** | **R366** |

Die Kerkraad het in *November 2025* die volgende aannames vir die begroting goedgekeur:

- Dankoffers dieselfde as die vorige jaar (geen vehoging)
- Laer beleggingsinkomste
- Geen gholfdag nie; dit word vervang met 'n *nuwe feesprojek*
- Aksiespanne se begrotings bly *dieselfde as die vorige jaar*
- *'n Volle jaar met twee predikante*
- *Inflasie*: gemiddeld van 5%
- *Munisipale kostes*: styging van 10%

Met hierdie aannames het die begroting 'n *verlies van R461 000* getoon. Na deeglike bespreking het die Kerkraad voorgestel dat *Dankoffers en Kollekte met 10% verhoog word* (Begroting Weergawe 2).

Die Kerkraad is verbind daartoe om *uitgawes streng te bestuur sodat dit binne begroting bly*, maar ons het die *Gemeente se hulp nodig met Dankoffers en Kollekte.*

**Hoe kan jy help?**

- Stel 'n *maandelikse aftrekorder op via jou bank-app*
- Kontak die *kerkkantoor oor debietorders* (ons kan so 'n stelsel implementeer indien daar genoeg belangstelling is)
- *Verhoog jou aftrekorder/bydrae jaarliks met inflasie*

**Saam bring ons Christus aan almal**

Eerbied vir God Drie-enig

Standvastigheid Samehorigheid

Verdraagsaamheid Omgee

## Dankie vir jou bydrae!

**Verkies EFT?**

NG Kerk Strand-Noord
Absa, tjekrekening
Rek no. 420 580 037
Takkode 632005

Geen kontant?
Geen probleem!

SnapScan

**Leon F Marais**
Leraar
leon@ngkstrandnoord.co.za
082 786 4371

**Jako J Visser**
Leraar
jako@ngkstrandnoord.co.za
082 477 6156

**Vicky Dippenaar**
Skriba
info@ngkstrandnoord.co.za
076 147 3039
021 853 7223